

20 Desember

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:1-13 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:9

Ware Kersvreugde is in Jesus gesetel!

Die dae voor Kersfees word gewoonlik gekenmerk deur 'n oppervlakkige vreugde in die wêreld. In die winkels word 'n koopatmosfeer geskep met blink liggies en allerhande versiersels. Die ware boodskap van Kersfees word deur die wêreld verdoesel. 1 Johannes 4:9 sê egter hard en duidelik wat die ware rede vir ons Kersvreugde behoort te wees: "Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê."

Ware Kersvreugde is dus in Jesus gesetel. Sonder Hom sou daar geen ware Kersfees kon wees nie. Hy is die bewys van God se liefde vir ons: God het sy enigste Seun na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. God het net een Seun, en tog was Hy bereid om Hom vir ons op te offer aan die kruis. Dit is ware liefde en dit behoort die kern van ons Kersvreugde te wees. In Jesus se menswording en kruisdood leer ons God se liefde vir ons ken.

Die heerlike vrug van hierdie liefdesdaad van God is dat ons nou deur Hom die lewe kan hê. Deur Jesus lewe ons werklik, beantwoord ons aan die doel waarvoor God ons gemaak het. Deur Hom ontvang ons die ware lewe, die eintlike lewe, die lewe van God bo alles liefhê en ons naaste soos onself. Deur Hom ontvang ons ook die ewige lewe.

Mag God se liefde vir u, soos dit in Jesus se menswording afgebeeld word, die bron van u Kersvreugde wees!

Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2

Ds HPM van Rhyn (Thabazimbi)